

Donderdag 12 September

Skrifgedeelte: Romeine 7:1-6

Fokusgedeelte: Romeine 7:4

Vrygemaakte mens: Moenie weer probeer om jouself met goeie werke te red nie! eef in Christus en deur sy Gees!

Dis so moeilik om met ou gewoontes te breek! Paulus herinner sy lesers opnuut daaraan dat daar in Christus 'n nuwe bedeling aangebreek het en dat hulle moet leer om nuut te dink oor hulle redding! Voorheen het hulle gedink dat hulle deur onderhouding van die wet hulle redding kon bewerkstellig! Maar dit kan nie! Geen mens kan homself red deur die goeie werke wat hy/sy doen nie! Maar Christus kon die wet volkome volbring en nou word ons gered deur in Hom as ons Saligmaker te glo.

En tog betrap ek en jy onself dikwels dat ons weer staatmaak op alles wat ons vir die Here doen! Die Here moet tog raaksien dat ek Hom getrou dien! Hy moet tog in berekening bring dat ek baie gereeld my Bybel lees en bid en dat ek gereeld die eredienste bywoon en my dankoffers gee. Ek bring darem regtig my kant! Nee, vrygemaakte mens! Nou probeer jy jouself weer red met jou goeie werke! Jy kan nie! Glo in Christus as jou Verlosser en stel jou vertrouwe volkome op Hom dat Hy jou gered het!

En ja, alles wat jy vir die Here doen, is goed en reg! Maar nou besef jy dat hierdie goeie werke die vrug van die Heilige Gees se werk in my lewe is. Dat Hy my lei om God te dien met alles wat ek is en het! My dienswerk koop nie my redding nie, maar is dankbare gawes vir die redding wat ek in Christus ontvang het. En hoe meer ek op Christus fokus, hoe meer laat die Gees sy vrug in my lewe na vore kom! Wat 'n wonderlike, volledige genade wat ons van God ontvang het! Kom ons leef voluit daarin!

Sing: Skrifberyming 15-1:1-4

Ds. P Venter (Piet) (Potchefstroom-Oos)